**NOTULE VAN 'N SPESIALE RAADSVERGADERING GEHOU OM 14H00 OP MAANDAG, 23 MAART 2015 IN DIE MUNISIPALE RAADSAAL TE PRINCE ALBERT MUNISIPALITEIT**

## 1. OPENING EN VERWELKOMING

Raadslid N S Abrahams open die vergadering met gebed, waarna die Speaker die Raad, Bestuur en amptenaar hartlik welkom heet.

## 2. TEENWOORDIG

| | |
|---|---|
| Raadslid M D Jaftha | Speaker |
| Raadslid G Lottering | Uitvoerende Burgemeester |
| Raadslid N S Abrahams | Onder-Burgemeester |
| Raadslid C Stols | |
| Raadslid S Botes | |
| Raadslid L K Jaquet | |

**AANWESIG:**

| | |
|---|---|
| Mnr J Neethling | Hoof Finansiële Bestuurder |
| Me A Vorster | Bestuurder: Korporatief & Gemeenskapsdienste |
| Me T Hendriks-Wagenaar | Notule Klerk |

## 3. AANSOEK OM VERLOF TOT AFWESIGHEID

| | |
|---|---|
| Raadslid I J Windvogel | |
| Mnr H Mettler | Munisipale Bestuurder |
| Mnr J Lesch | Infrastruktuur dienste Bestuurder |

## 4. GOEDKEURING VAN DIE OORSIGVERSLAG VAN DIE OORSIGKOMITEE RAKENDE DIE JAARVERSLAG 2013/2014

Die Jaarverslag word deur die Rekenpligtige Beampte en Uitvoerende Burgemeester aan die Raad voorgelê en vorm deel van die verantwoordingdoening rakende die owerheid se prestasie oor die betrokke verslagjaar. 'n Oorsigverslag op die jaarverslag word gesien as die Raad se kommentaar op die jaarverslag en die owerheid se prestasie in die betrokke verslagjaar.

Die Raad is verantwoordelik om die prestasie van die Munisipaliteit te moniteer en te bestuur soos voorgeskryf in die Grondwet, 1996, die Wet op Plaaslike Regering: Beheer oor Munisipale Finansies, 2003 (Wet No 56 van 2003), en die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet No 32 van 2000).

Artikel 129(1) van die Wet op Plaaslike Regering: Beheer oor Munisipale Finansies, 2003 (Wet No 56 van 2003) bepaal dat die Raad die jaarverslag van die Raad moet oorweeg en 'n oorsigverslag daarop moet aanvaar.

Die Raad se Oorsigkomitee bestaan uit die volgende raadslede, rdl N S Abrahams, rdl C Stols, rdl I J Windvogel, rdl S Botes en rdl L K Jaquet. Die Oorsigkomitee het die konsep jaarverslag tesame met die kommentaar van die Departement Plaaslike Regering ontvang en oorweeg.

**AGTERGROND**

Die konsep jaarverslag vir die verslagjaar 2013/14 is in Januarie 2015 aanvaar en is ge-adverteer vir publieke kommentaar in die plaaslike pers en in die plaaslike biblioteke en munisipale kantore sowel as sleutel-kennisgewingsborde binne die gemeenskap. Die kommentaar vanaf die Departement Plaaslike Regering is ontvang en hierby gevoeg.

Die Raad moet voor of op 23 Maart 2015 die finale jaarverslag, tesame met die oorsigverslag daarop aanvaar.

**RECOMMENDATION 18/2015**

(i) That Council having fully considered the Annual Report of the municipality for the 2013/14 financial year and representation thereon, adopt the Oversight Report together with the Annual Report without reservations;
(ii) That the Oversight Report be made public in accordance with Section 129 (3) of the Municipal Finance Management Act 56 of 2003;
(iii) That the Oversight Report be submitted to the Provincial Legislature in accordance with section 132 (2) of the Municipal Finance Management Act 56 of 2003;
(iv) That Council instructs the Accounting Officer to ensure that the matters raised in Annexure C be addressed.

5. <u>GOEDKEURING VAN DIE JAARVERSLAG 2013/2014</u>

Die voorwoord uit die Jaarverslag 2013/2014 word deur die Uitvoerende Burgemeester word aan die Raad voorgehou.

**BESLUIT 19/2015**

Op voorstel van Raadslid N S Abrahams, gesekondeer deur Raadslid C Stols word die Jaarverslag vir 2013/2014 deur die Raad goedgekeur.

**6. <u>AFSLUITING</u>**

Die Speaker, Raadslid M D Jaftha, bedank die teenwoordiges vir hul bywoning.

Die vergadering verdaag om 14h15 in goeie orde.

**GETEKEN:**

……………………..

**VOORSITTER**

……………………….

**MUNISIPALE BESTUURDER**

**DATUM:**

……………………….

DRAFT